GEDRAGSKODE

PUMA SE, PUMA WAY 1,91074 Herzogenaurach — V.03. 2025

PUMA respekteer menseregte. Hierdie respek definieer ons betrokkenheid met die gemeenskappe waarin ons werk, en ook met al ons besigheidsvennote. PUMA respekteer die omgewing. Ons is vasberade om die impak op die omgewing van beide ons organisasie en ons verskafketting te bestuur.

Hierdie gedragskode het betrekking op alle PUMA-besigheidsvennote wat goedere produseer en dienste aan PUMA ('besigheidsvennote') lewer.

Dit is die verantwoordelikheid van die besigheidsvennote om te verseker dat hierdie gedragskode deur hulle subkontrakteurs en verskaffers eerbiedig word. In alle gevalle sal besigheidsvennote verantwoordelik wees indien enige van hulle subkontrakteurs en verskaffers faal om aan hierdie gedragskode te voldoen.

Die vereistes soos genoem in die gedragskode, is dieselfde vereistes wat PUMA toepas binne sy eie werkinge en die werkinge van sy filiale. Indien die voorwaardes van hierdie gedragskode in konflik is met die vereistes van die besigheidsvennoot se nasionale wette en regulasies wat dieselfde doelwitte navolg, sal die vereistes vir meer uitgebreide of meer spesifieke verpligtinge van toepassing wees.

KLAGTEPROSEDURES

Daar word van besigheidsvennote verwag om kanale vir hulle werknemers en eksterne aandeelhouers te skep om enige kwessies te opper.

Besigheidsvennote sal ook werk om beskerming te verseker teen vergelding van hulle werknemers en eksterne aandeelhouers, mits die kwessies in goeder trou geopper is.

Werknemers of besigheidsvennote wat enige kwessies by die werksplek wil rapporteer, wat nie deur die besigheidsvennote opgelos kon word nie, kan dit doen deur van die volgende gebruik te maak:

PUMA se elektroniese fluitjieblaser se platform (SpeakUp)

→ **https://puma.integrityline.org/**

PUMA sal alle kwessies ernstig opneem en deeglik op 'n vertroulike wyse ondersoek. PUMA sal met sy besigheidsvennote werk om te verseker dat daar geen ondersoek gedoen word om die identiteit van die klaer te ontbloot nie. PUMA sal hom ook beywer om seker te maak dat klaers nie enige vorm van geweld, dreiging, intimidasie, verweer, teistering of mishandeling soos nadeel of straf ly nie. Dit sal alles geld mits die klagte in goeder trou gedoen is.

FVir meer inligting oor hoe PUMA verslae prosesseer, verwys asseblief na PUMA se reëls vir klagteprosedure.

→ **https://about.puma.com/en/sustainability/codes-policies-and-handbooks**

GEEN KINDERARBEID

Besigheidsvennote moet niemand onder 15 jaar in diens neem nie, of die nasionale wettige minimum ouderdom, of die ouderdom waarop verpligte onderwys voltooi word, watter een van die drie ookal die hoogste is. Besigheidsvennote moet geen vorm van kinderarbeid duld nie wat slawerny, mensehandel en ander onwettige aktiwiteite insluit. Werkers onder die ouderdom van 18 word verbied om enige vorm van gevaarlike werk te doen wat hul gesondheid, veiligheid en morele waardes kan benadeel. Indien enige kind onder die ouderdom van 18 jaar in diens geneem word, moet die toepaslike vereistes vir die beskerming van jong werkers geïmplementeer word.

GEEN GEDWONGE ARBEID

Besigheidsvennote moet geen vorm van mensehandel, gedwonge arbeid insluitend tronkarbeid, slawerny, moderne slawerny, ingeboekte servituutwerk en skuldslawerny gebruik nie. Werknemers van besigheidsvennote sal die reg gegee word om hulle werksplek te verlaat, die reg om te bedank volgens die toepaslike wette en die reg van vryheid van beweging.

GEEN DISKRIMINASIE

Besigheidsvennote moet regdeur die werksverhouding teen geen van hulle werknemers diskrimineer nie. Werknemers sal met respek en gelykheid behandel word, ongeag hulle godsdiens of geloof, ouderdom, geslag, swangerskap, huwelikstatus, ongeskiktheid of gesondheidstatus, nasionaliteit, ras, etniese oorsprong, politieke sieninge of seksuele oriëntasie nie.

GEEN UITERMATE WERKSURE NIE

Besigheidsvennote sal verseker dat die werkure van hulle werknemers, beide gewone en oortydure, voldoen aan die nasionale wettige vereistes.

'n Gewone werksweek sal nie 48 uur oorskry nie, en een dag af sal gewaarborg word vir elke sewe-dae periode.

Behalwe vir uitsonderlike omstandighede, sal die som van gereelde en oortydure in 'n week nie 60 uur oorskry nie. Oortydure word toegelaat indien die oortydure binne die perke is wat deur nasionale wetgewing of kollektiewe instemmings toegelaat word. Oortydure sal nie op 'n gereelde grondslag vereis word nie en sal vergoed word teen 'n wettige premiumkoers.

GEEN ONWETTIGE GEBRUIK VAN VEILIGHEIDSMAGTE NIE

Besigheidsvennote mag veiligheidsmagte huur of gebruik indien hulle werknemers en/of besigheid 'n risiko loop vir hulle veiligheid. Besigheidsvennote sal egter nie veiligheidsmagte huur om menseregte te skend, vreedsame en wettige stakings en sosiale byeenkomste te onderbreek nie. Besigheidsvennote moet verseker dat hulle nie bydra tot enige vernedering, besering, of mense se lewens direk of indirek skend deur van private veiligheidsmagte gebruik te maak nie.

VRYHEID VAN ASSOSIASIE EN KOLLEKTIEWE ONDERHANDELING

Besigheidsvennote moet waarborg, waar dit wettig is volgens nasionale wetgewing, dat werknemers die reg het om unies te vorm, of ander werk- of industrieverwante verenigings, en om kollektief te onderhandel. Hierdie regte moet gegee word sonder vrees vir teistering, inmenging of vergelding.

RESPEK VIR LANDSREGTE

Besigheidsvennote moet die nodige sorg neem om te verseker dat die land waarin hulle besigheid bedryf nie aan enige onwettige uitsetting of onwettige besitname van land, woude en waterliggame deelneem nie.

REGVERDIGE VERGOEDING

Besigheidsvennote sal aan alle wetlike vereistes voldoen vir lone en voordele, werknemerkontrak of hulle besondere kollektiewe onderhandelingsooreenkoms. Besigheidsvennote sal hulle werknemers vergoed vir ure gewerk en minstens die wettige minimumloon betaal. Besigheidsvennote sal ten doel hê om te verseker dat die vergoeding van hulle werknemers aan hulle basiese behoeftes voldoen en inkomste volgens diskresie voorsien. Waar vergoeding nie aan die basiese behoeftes van werknemers en hulle familie voldoen nie, sal besigheidsvennote met die betrokke aandeelhouers saamwerk om die toepaslike aksies te neem om progressief 'n vlak van kompensasie te bereik wat wel hieraan voldoen.

VERANTWOORDELIKE CHEMIESE EN AFVALBESTUUR

Besigheidsvennote moet aan die toepaslike nasionale wetgewing voldoen en 'n verantwoordelike bestuurstelsel hê wanneer chemikalieë gebruik word, en wanneer gevaarlike afval hanteer en weggedoen word. Besigheidsvennote moet ook aan die toepaslike internasionale konvensies en industriestandaarde voldoen.

BILLIKE WERKSVERHOUDING

Besigheidsvennote moet die reëls aanneem en bly by die werksomstandighede wat werkers respekteer, en, minstens hulle regte onder die toepaslike nasionale wetgewing en maatskaplike veiligheidswette, sowel as soos die werkstandaarde deur die Internasionale Arbeidsorganisasie (International Labour Organization – ILO) voorgeskryf.

VEILIGE WERKSOMGEWING

Besigheidsvennote moet eer en respek bevorder vir menseregte. Besigheidsvennote moet die fisiese en geestesgesondheid en veiligheid van hulle werknemers in die werksplek verseker en sal 'n veilige en skoon werksomgewing vir al hulle werknemers verskaf. Besigheidsvennote moet alle moontlike voorvereistes neem om ongelukke by die werksplek te vermy en aktief werksgesondheid en veiligheidspraktyke bevorder. Werknemers van die besigheidsvennote moet toegang tot sanitêre fasiliteite hê wat voldoende is. Teistering, liggaamlike straf en fisiese, seksuele, psigologiese of verbale mishandeling word nie verduur nie.

RESPEK VIR DIE OMGEWING

Besigheidsvennote moet progressief hulle negatiewe impak op die omgewing verhoed en meet. Besigheidsvennote moet voldoen aan die nasionale omgewingsbeskerming wetgewing of internasionale industriestandaard, watter een ookal strenger is, wat betrekking het op skadelike grondveranderings, lug, water en geraasbesoedeling. PUMA verwag van sy besigheidsvennote om klimaatverwante aksie te neem deur hulle kweekhuisgasvrystelling te meet en te verminder deur die neem van toepaslike maatreëls om energie en water doeltreffender te gebruik. Besigheidsvennote sal werk vir die beskerming en herstel van biodiversiteit wat ontbossingvrye praktyke insluit en deur beskermde grond te respekteer.

ETIESE BESIGHEIDSPRAKTYKE

Besigheidsvennote sal voldoen aan alle nasionale wette wat op hulle en hulle besigheidsaktiwiteite van toepassing is. Besigheidsvennote sal nie deelneem aan of betrokke wees in enige vorm van omkopery, korrupsie, bedrog, geldwassery, konflik van belange of teen-kompeterende praktyke soos verder in PUMA se etiekkode beskryf word.